## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

**NO. 3261** **6 June 2025**

### PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP ALGEMENE (FAMILIE) REGSWYSIGINGS, 2025

1. Kragtens Reël 276(1)*(b)* van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling beoog om die Wysigingswetsontwerp op die Algemene (Familie) Regswysigings, 2025 (Wetsontwerp), eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1)*(c)* van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

3. Die Wetsontwerp het ten doel om die—
3.1 Wet op Egskeiding, 1979 (Wet No. 70 van 1979), te wysig ten einde vir konsekwente wysigings van sekere artikels voorsiening te maak, wat voortspruit uit die wysigings aan die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidings-aangeleenthede, 1987, en om voorsiening te maak vir die oordrag van bates deur 'n hof wat 'n egskeidingsbevel verleen ten opsigte van 'n huwelik buite gemeenskap van goed om 'n huwelik wat gesluit is voor die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere, 1984, in te sluit;
3.2 Wet op Huweliksgoedere, 1984 (Wet No. 88 van 1984), om voorsiening te maak vir die verdeling van huweliksgoedere van 'n huwelik buite gemeenskap van goed by ontbinding van die huwelik deur die dood; en
3.3 Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidings-aangeleenthede, 1987 (Wet No. 24 van 1987), om voorsiening te maak vir die funksies van die Kantoor van die Gesinsadvokaat, en om die lang en kort titel te wysig,
en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

4. Afskrifte van die Wetsontwerp kan, na indiening, op die webtuistes van die Parlementêre Moniteringsgroep by http://www.pmg.org.za en die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling by www.justice.gov.za gevind word en kan ook verkry word van die Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoonnommer: (021) – 465 7531).